## STAP 2:

**Nadat jy die vorm ingevul het:**

- handig dit by enige munisipale kliëntedienssentrum in
- aansoekvorms en dokumente kan ook na die volgende tersaaklike e-posadresses gestuur word:

  - Rates.Rebate@capetown.gov.za
  - Indigent.Relief@capetown.gov.za
  - Payment.Arrangements@capetown.gov.za

Die registrasie vir bystand met eiendomsbelasting en dienste bly vir 12 maande geldig. Vir inwoners van 60 jaar en ouer sal die registrasie vir ongeveer drie jaar geldig wees, tot die volgende algemene waardasie.

**Voor jy weer aansoek doen, moet jy reëlings tref om enige geld wat jy aan die munisipaliteit skuld, af te betaal.**



## Kortingbystand vir pensioenarisse en ontvangers van maatskaplike toelaes

- Pensioenarisse van 60 jaar of ouer en persone wat maatskaplike toelaes ontvang wat R10 000 of minder verdien kan vir 'n 100%-korting op eiendomsbelasting kwalifiseer
- Pensioenarisse van 60 jaar of ouer en persone wat maatskaplike toelaes ontvang en meer as R10 001, maar nie meer as R27 000 per maand nie, verdien, kan vir tussen 10%- en 90%-korting op eiendomsbelasting kwalifiseer




**Besoek**
**www.capetown.gov.za/socialsupport**
**vir meer inligting.**


VERLIGTING VIR
EIENDOMSBELASTING EN DIENSGELD

# HULP IS BESKIKBAAR



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Kwalifiserende inwoners van enige ouderdom wat R7 500 of minder per maand verdien kan kwalifiseer vir 100%-korting op eiendomsbelasting en vullisverwyдering en ook vir 15 kl water en 10,5 kl riooldienste gratis.



## Jy kan aansoek doen as jy:

- 'n huiseienaar is
- R7 500 of minder per maand verdien
- voltyds in die huis woon
- jou huis hoofsaaklik vir residensiële doeleindes gebruik
- 'n kind is wat in die huis van 'n oorlede ouer woon
- die huis in 'n egskeidingskikking ontvang het

## SKULDAFSKRYWING

**Indien jy geld aan die munisipaliteit skuld, kan jy vir 'n eenmalige 100%-afskrywing van skuld kwalifiseer**

Jy moet 'n geïnstalleerde koopkragmeter hê om te kwalifiseer.

Indien geen koopkragmeter geïnstalleer is nie, gee asseblief saam met jou aansoek toestemming vir die installering van hierdie meters.

.




## HOE DOEN EK AANSOEK?

# STAP 1:

**E-pos:** Indigent.Relief@capetown.gov.za
Of
**Besoek** jou naaste munisipale kantoor.

### Dokumente benodig:

- bewys van identifikasie (identiteitsboekie of -kaart)
- bankstate van ALLE finansiële instellings vir die afgelope drie maande of 'n verklaring dat jy nie 'n bankrekening het nie
- 'n verbandstaat vir die afgelope drie maande of 'n verklaring dat jy nie 'n verbandrekening het nie
- bewys as jy 'n ongeskiktheidstoelaag, onderhoudstoelaag of pensioen ontvang
- 'n afskrif van die boedeldokumente as jy die huis geërf het
- voltooide debietorderaansoekvorm indien van toepassing

### Indien jy werk, sluit die volgende in:

- laaste salaris-/loonstaat of 'n brief van 'n werkgewer wat jou inkomste meld
- indien jy vir jouself werk, 'n verklaring wat meld hoeveel jy per maand verdien

### Indien jy werkloos is, moet jy 'n verklaring voorsien waarin gemeld word :

- dat jy werkloos is en dat jy geen ander bron van inkomste het nie